SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 18 JULIE 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE YOTA KOMPETISIE EN DIE ZS2 NAELLOOP VANDAG

PADVINDERS DOEN DIE KLAS B RAE KURSUS

en

JEUG OP DIE LUG KAMPERS GENIET SUKSESVOLLE ISS-KONTAK

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin vandag se bulletin met nuus van Stil Sleutels:

Dit is meet leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Gert Byliefeldt, ZS4GB stil geraak het op Dinsdag 25 Mei 2021. Hy was n trotse lid van die SARL en het n passie gehad vir Amateur Radio. Ons betuig ons innige meegevoel met sy seun Bennie Byliefeldt, ZS4QB, familie en vriende.

Die SARL Nuusspan het onbevestigde berigte ontvang dat die sleutels van vier radio amateurs stil geword het. Hulle is Dirk, ZS2D; PJ van Blerk, ZS6PVB; Jan Engelbrecht, ZS6JE en Deon, ZS6OM. Dit is al inligting wat die Span het. Ons betuig ons meegevoel met die families van hierdie radio amateurs.

POUSE

DIE YOTA KOMPETISIE EN DIE ZS2 NAELLOOP VANDAG

Die tweede sessie van die 2021 Jeug op die Lug kompetisie vind van 10:00 tot 21:59 UTC (12:00 tot 23:59 SAT) vandag Sondag 18 Julie plaas. Radio amateurs word uit genooi om jong operateurs toe te laat om hul stasies te bedien tydens hierdie komende geleentheid met GG en foon aktiwiteit. Die volledige besonderhede van die kompetisie kan gevind word op www.ham-yota.com/contest/.

Die ZS2 Naelloop is 'n prettige aktiwiteit waar Suider-Afrikaanse stasies probeer om soveel moontlik ZS2-stasies te werk gedurende die uur lange geleentheid. Dit is 'n GG en foon aktiwiteit op die 40 meterband en is vanmiddag van 14:00 tot 15:00 UTC (16:00 tot 17:00 SAT) op die lug. Die uitruiling is 'n RS- of RST-verslag en jou provinsiale of lands afkorting. Logstate, in ADIF-,

Cabrillo- of MS Excel-formaat, moet teen 23:59 SAT op Vrydag 23 Julie 2021 aan contest@peham.co.za gestuur word. Die reëls is op bladsy 73 van die 2021 Blouboek.

PADVINDERS DOEN DIE KLAS B RAE KURSUS

Richard Hooper, ZS6RKE, die Offisier van die Sandringham Padvinders het aan SARL Nuus gesê dat die Sandringham Padvinder Groep, ZS6SSG 'n klas B RAE-kursus vir Padvinders sal aanbied vanaf Saterdag 31 Julie. Die kursus duur agt weke lank op verskillende virtuele platforms, vanweë die huidige inperkings, totdat hulle die HF-assesserings kan aflê.

Tans is daar 10 Padvinders aan gemeld om die kursus en die eksamen te doen. Die Padvinders kom van Sandringham Padvinder Groep en die Jan Smuts Padvinder Groep met hopelik nog 'n paar van die Halfweghuis Padvinder Groep. Dit is die eerste Padvinders wat die kursus doen nadat die Amateur Radio belangstellings kenteken en die Amateur Radio Operateurs kenteken deur Padvinders Suid-Afrika goed gekeur en afgehandel is.

DIE SARL WOENSDAG 80 M KLUB NAELLOOP

Die vierde been van die SARL Woensdag 80 m Klub Naelloop is op die lug van 17:30 tot 18:30 UTC (19:30 tot 20:30 SAT) op Woensdag 21 Julie 2021. Die uitruiling is 'n RS- of RST-verslag, die naam van jou klub en jou ruit vierkant. Logstate in MS Excel-formaat moet teen 23:59 SAT op Maandag 26 Julie gestuur word aan zs4bfn@mweb.co.za. Die Kompetisie komitee kan nie verantwoordelik gehou word vir die voortplantings toestande nie.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

JEUG OP DIE LUG KAMPERS GENIET SUKSESVOLLE ISS-KONTAK

Die eerste Jeug op die Lug (YOTA) kamp vir jong radio amateurs in die Amerikas word Vrydag in West Chester, Ohio, afgesluit. Onder die aktiwiteite het die kampeerders 'n spesiale geleentheid stasie W8Y vanaf die 'National Voice of America Museum of Broadcasting' en vanaf die kamp hotel bedryf. "Dit gaan regtig goed," het Neil Rapp, kamp direkteur, WB9VPG Woensdagaand gesê. Die vroeëre lansering van 'n ballon met 'n amateur radio vrag was suksesvol, het hy gesê en nadat hy vas gestel het waar die vrag ongeveer drie uur weg geland het, kon die kampeerders die pakket gaan haal, danksy 'n paar begripvolle grondeienaars. Rapp het gesê dat die ballon ongeveer 100 000 voet of 30 480 meter bereik het. Rapp het gesê dat kampeerders van die eerste dag goed oor die weg gekom het en dat probleme in die algemeen min en gering was.

Verskeie van die ongeveer twee dosyn kampeerders het vrae gevra aan die ISS-bemanningslid Akihiko Hoshide, KE5DNI, tydens 'n Dinsdag Amateur Radio op die Internasionale Ruimtestasie (ARISS) kontak. In antwoord op 'n navraag deur Graham, KO4FJK, het Hoshide gesê dat die interessantste dinge wat hy vanuit die ruimte gesien word, onder meer deur 'n aurora vlieg en neerkyk op 'verskietende sterre' vanaf die ISS. Hy het ook gesê dat die ISS-bemanning

'n gedeeltelike maansverduistering vanuit die ruimte kon sien. 'n Ander kampeerder, Adam, KD9KIS wou weet hoe gereeld die ISS-bemanningslede die aanboord amateur stasie gebruik. Hoshide het gesê dat individuele bemanningslede elke paar weke of so met die radio kan gesels of as die geleentheid hom voordoen.

"Hierdie ARISS-kontak is bedoel om hierdie jong amateurs te inspireer om meer te wete te kom oor kommunikasie met amateur satelliete en om ARISS-radio kontakte te maak," het ARISS vandeesweek gesê toe die kontak datum bekend gemaak is. ARISS-spanlid John Sygo, ZS6JON in Suid-Afrika, was die telebrugaflosstasie vir die laat oggend-geleentheid wat regstreeks via YouTube uit gesaai is.

MOTA - MYNE OP DIE LUG

Die meeste mense is bekend met IOTA, SOTA, POTA, ens. MOTA of Myne op die Lug is minder bekend. Op die SSA-webwerf, skryf Stephan Leeman, SM5YRA, "Die aktiwiteit het sy oorsprong in die VSA en dit is Johnny, WJ0NF van Colorado wat alles begin het. Hier in Europa is daar egter min aktiwiteit, maar ek het al 'n paar stasies van onder andere Frankryk gehoor wat aan die gang was. Miskien 'n prettige idee om 'n myn gedurende die somer te aktiveer? Ons het baie in Swede!" Jy kan meer inligting vind by https://minesontheair.com/about-mota

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar twee sonvlek groepe met 'n eenvoudige magnetiese samestellings sigbaar. Daar word nie ernstige sonfakkels aktiwiteit verwag nie. Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van vier vir die week gebruik. Radio amateurs kan laat middag DX openinge op die 17 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag - die YOTA-kompetisie en die ZS2 Naelloop

20 Julie - die PEARS en Grens ARK vergaderings

21 Julie - die SARL 80 m Klub Naelloop

24 Julie - die Kaapstadse ARS vergadering

24 en 25 Julie - die Eilande op die Lug kompetisie

27 Julie - die Secunda ARK vergadering

28 en 29 Julie - die Delta Aquarids meteor buie

1 Augustus - die SARL HF Foon kompetisie

9 Augustus - Nasionale Vrouedag en die SARL YL Naelloop

12 Augustus - Internasionale Jeugdag

12 en 13 Augustus - die Perseïede meteor buie

14 Augustus - die SARL Jeug Naelloop

15 Augustus - die SARL HF digitale kompetisie

21 en 22 Augustus - die Internasionale Vuurtoring- en Ligskip Naweek

Om die bulletin mee af te sluit, ‘n opsomming van ons hoof berig:

Die tweede sessie van die 2021 Jeug op die Lug kompetisie vind van 10:00 tot 21:59 UTC (12:00 tot 23:59 SAT) vandag Sondag 18 Julie plaas

Die ZS2 Naelloop is ’n prettige aktiwiteit waar Suider-Afrikaanse stasies probeer om soveel moontlik ZS2-stasies te werk gedurende die uur lange geleentheid. Dit is ’n GG en foon aktiwiteit op die 40 meterband en is vanmiddag van 14:00 tot 15:00 UTC (16:00 tot 17:00 SAT) op die lug.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die ’news inbox’ skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na ”Amateur Radio Today.” Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. ’n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur ’n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na ’n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Andy Cairns, ZS6ADY, geredigeer deur Vivian Dold, ZS6VD en gelees deur .....

Van die nuusspan, die beste wense vir die week vorentoe.